Tegniese Tekene SG P1 **November 2007**

VRAAG 1: PUNTE EN LYNE

1.1 Die vraag is redelik beantwoord maar die ware lengte van die lynstuk is in sommige gevalle verkeerd geteken.
1.2 Hierdie vraag is goed beantwoord. Sommige kandidate het probleme ondervind met die bepaling van die horisontale spoor HT. Die VT en HT is soms omgeruil.
1.3 Die bepaling van die kortste afstand het vir sekere kandidate probleme geskep.
1.4 Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

VRAAG 2: DEURDRINGING VAN 'N VLAKFIGUUR EN 'N SKUINSVLAK

Hierdie vraag is swak beantwoord. Kandidate het in baie gevalle die ware hoek t.o.v. die horisontale vlak i.p.v. die vereiste vertikale vlak geteken. Die bepaling van die ware lengte van die deurdringingslyn was ook vir sommige kandidate 'n probleem.

VRAAG 3: VLAKFIGUUR OP 'N SKUINSVLAK

Die vraag is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate het nie eers die skuinsvlak na 'n hellende vertikale vlak verander nie (vraag 3.1- 'n basiese konsep). Daar is ook nie gebruik gemaak van die gegewe inligting nie – die boaansig van sy CD. Min kandidate kon ook die vooraansig van die vlakfiguur teken.

VRAAG 4: VASTE LIGGAAM EN ONTWIKKELING

Die bepaling van die boaansig en die deurdringingskrommes is oor die algemeen goed beantwoord. Die aansig was egter in baie gevalle onder die regteraansig geteken. Die oppervlakontwikkeling is redelik beantwoord.

VRAAG 5: HELIKS

Min kandidate kon hierdie vraag suksesvol bemeester. Die bepaling van die lokus(heliks) is soms vervang met 'n ander lokus(bv. Sikloide, Archimediese spiraal). Die rigting(kloksgewys), is soms antikloksgewys geteken.

VRAAG 6: NOKPROFIEL

Hierdie vraag is oor die algemeen baie goed beantwoord. Sommige kandidate verwar egter die rigting van rotasie en die van die profiel.